Dinsdag 15 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 5:11 – 6:1-12 (AFR83)

Fokusgedeelte: Hebreërs 6:1-5, 11-12

Geduldig-gelowig bly in swaarkry – soos 'n volwassene in die geloof

Om traag te word om na die Here (sy Woord) te luister en te leer, is om soos 'n baba in die geloof te bly. Jy stagneer, groei nie … word al swakker en sterf later van geestelike honger – soos wat gedreig het om met die gemeente aan wie die Hebreërskrywer skryf, te gebeur (Heb. 5:11-12). Sulkes is deur die "proses" om deel van die gemeente te word. Hulle het die basiese "kategese" deurloop, weet van bekering van sonde, dat Jesus aan die kruis gesterf het, is gedoop, het gehoor van gawes en die eindoordeel (6:1-2) … maar dis waar hulle vasgesteek het. Dit is egter nog baba-kos. En … *iemand wat van melk lewe, kan nie saam praat oor wat reg en verkeerd is nie, beskik nie oor die insig en ervaring om te onderskei tussen goed en kwaad nie* (5:13-14). Want dit is vaste kos.

Dis die uitwerking wat swaarkry op mens kan hê … Jy het al die verlossende genade waarvan die evangelie van Jesus Christus praat, beleef (Heb. 6:4-5), maar dit is nie meer vir jou 'n werklikheid nie – die beloftes van God vir jou het vervaag, jy glo dit selfs nie meer nie, die krag van die Gees staan jy teë (1 Tess. 5:19), jy vat jou eie koers om die lewe vir jou leefbaar te maak – weg van God.

As mens bly vassteek by die grondwaarhede, die fondament van die Christelike lewe, en jy bou nie verder daarop nie; as jou geloofsverhouding met God nie verder kom as *Jesus het vir my aan die kruis gesterf*, nie; as jou lewe nie wys dat jy Hom vertrou en volg nie … dan dreig afval by jou. Verskriklik, dan is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring – nie omdat die evangelie kragteloos is nie, maar omdat sulke mense die krag van die evangelie afmaak as nikswerd (Heb. 6:6). Daarom die ernstige waarskuwing: Moenie met die genade van God speel as iets wat jy vandag kan aanvaar en môre kan verwerp nie. (Belangrik om te onthou dat die skrywer hier nie 'n leerstellige uitspraak maak oor die ewige uitverkiesing nie, maar in die hede 'n waarskuwing rig).

*Volg die voorbeeld van hulle wat deur geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het* (Heb. 6:12). Lees weer van die geloofshelde (in Heb. 11) wat geduldig in God bly glo het – ten spyte van hulle swaarkry … Dis wat 'n geloofsvolwassene doen!

*Sing Psalm 33-1:10, 11*

*Ds. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*